### *Die gelykenisse van die onkruid tussen die koring, die mosterdsaad en die suurdeeg*

**192** En **Ek** sê nou hardop sodat ook die wat aan die oewer staan dit ook kan hoor: "Nou dan, wie ore het, laat hom hoor, en wie oë het om in die hart goed te verstaan, - begryp dit! Ek sal julle `n ander beeld van die Ryk van Elohim gee; luister!

[2] Die hemelryk is ook soos `n mens wat die goeie saad op sy akker saai. *(Matthéüs. 13:24)* Maar toe sy knegte slaap, kom die vyand van die landbouer en saai slegte onkruid tussen die koring, wat daarna gelyktydig met die koring opkom. *(Matthéüs. 13:25)* Waar die koring nou met die vrug wat hulle gee, grootword, staan die slegte onkruid ook nou daar. *(Matthéüs. 13:26)*

[3] Toe die knegte dit merk, gaan hulle na die meester van die huis en sê: "Meester, u het tog goeie saad op u akker gesaai? Hoe kom al die onkruid dan daarop?" *(Matthéüs. 13:27)*

[4] Die meester van die huis antwoord egter: "**Dit het my vyand gedoen!**" Toe sê die knegte: "Meester, as u dit wil, dan gaan ons dit uitskoffel" *(Matthéüs. 13:28)* Waarop die meester sê: "Los dit, sodat jy nie met die skoffel van die onkruid ook die goeie koring vertrap en saam uittrek nie! *(Matthéüs. 13:29)* Laat dit gesamentlik grootword tot by die oes. As dit oestyd is, sal ek aan die maaiers sê: **"Versamel eers die onkruid in bondels en bring dit vanaf die akker na `n plek waar `n mens dit kan verbrand; en bring die suiwer koring vervolgens in my skure in."** *(Matthéüs. 13:30)* Kyk, dit is `n goeie beeld van die hemelryk! Maar luister verder na My. Ek sal julle nog meer van die beelde gee wat alles `n baie presiese weergawe is van die ryk van Elohim. Luister daarom verder na My.

[5] Die hemelryk lyk soos `n mosterdsaadjie wat `n mens neem en in sy akker saai. *(Matthéüs. 13:31)* Soos bekend is hierdie saad een van die kleinste onder al die sade, maar as dit grootword is dit die grootste plant van die tuingewasse en ten slotte word dit gewoonweg `n boom, sodat die voëls daarop afkom en tussen sy takke nesmaak. *(Matthéüs. 13:32)*

[6] Daarop kyk **die leerlinge** mekaar verbaas aan en sê: "Wat kry ons nou? Wie begryp dit? Nou lyk die hemelryk al selfs soos `n mosterdplant!"

[7] **Ek** sê: "Verwonder julle nie daaroor nie, maar luister verder na My! Ek gee julle nog `n ander beeld van die Elohimryk:

[8] Die hemelryk is ook soos suurdeeg, **wat `n vrou neem en deur drie mate koringmeel meng** totdat al die meel deurgesuur is." *(Matthéüs. 13:33)*

[9] Alweer kyk **al die leerlinge,** insluitend die gewekte twaalf apostels mekaar baie verbaas aan en sê aan mekaar: "Wie kan dit vat en begryp? Of hou Hy die volk vanweë die fariseërs vir die gek? Dit is egter nie te begrype waarom Hy nou skielik met sulke onduidelike beelde vorendag kom nie!"

[10] Maar **Agab,** wat baie goed onderrig was in die Skrif, hoor die gesprek van die leerlinge en sê aan hulle: "As Hy die Een is wat ek nou vas glo wat Hy beslis moet wees, dan sou, omdat Hy nou nog steeds en uitsluitlik in gelykenisse praat *(Matthéüs. 13:34),* dit wat JeshaJaH ooit oor die komende Messias voorspel het op Hom betrekking kan hê, naamlik toe hy sê: "**Ek sal praat in gelykenisse** en sal vertel wat vanaf die begin van die wêreld vir al die mense `n geheim was!" *(Matthéüs. 13:35)*

[11] Kyk, so praat die groot profeet eens en so sing Dawid ook eens in sy 78ste Psalm in die 2de vers, en naas baie ander dinge is dit heeltemal op Hom van toepassing en dan vra julle nog: waarom só, en wat beteken dit? Terwyl julle tog al `n behoorlike lang tyd met Hom omgaan! As dit noodsaaklik is, dan sal Hy ons die gelykenisse wel uitlê en as dit nie nodig is, - nou ja, dan kan ons onsself almal baie geseënd ag omdat ons nou mag sien en hoor wat al die aartsvaders graag wou gesien en gehoor het!"

[12] Na die tussenkoms van Agab is al die leerlinge weer gerusgestel; maar die volk vra My, omdat Ek tydens die woorde van Agab swyg, of Ek nog meer van die onbegryplike dinge sou vertel, en of hulle wat aan die oewer in afwagting van `n goeie les sit, wat egter nie gekom het nie, weer na hulle besig-hede sou kon terugkeer!

[13] Maar **Ek** sê: "Gaan na julle huis; want vir julle het Ek My mond nie oopgemaak nie, omdat Ek wel weet hoe dom julle harte is! Daarom sal julle kinders eendag ook julle meesters en regters wees!" Daarop gaan die hele volk vinnig weg van die oewer af en elkeen gaan na sy huis.

[14] Die fariseërs gaan egter nie; hulle klim, toe Hy sê dat Kisjonah sy skip moet laat wegtrek, ook dadelik in hulle gereedgemaakte skip en kies vóór ons die see. Maar Ek wil heimlik dat `n kragtige wind hulle sou voortdrywe. En kyk, dadelik dryf `n kragtige wind hulle skip hard vir hulle uit en skuim-ende golwe slaan so nou en dan oor die dek.

### *Die Meester met Syne in die storm op die meer. Agab getuig nederig oor die Messias*

**193** Ons vaar egter in `n heel ander rigting weg van Jesaïra af en weer moes dit gebeur dat ons ook midde in die see deur `n storm oorval word, by

watter geleentheid al die leerlinge en almal wat op die skip was nogmaals baie angstig word, soos dit al `n keer tevore gebeur het. Weer begin hulle van angs en vrees uit te roep dat Ek hulle moes help anders sou almal vergaan!

[2] En Ek gebied net soos voorheen die wind en die see, waarop oombliklik `n groot windstilte intree en die see spieëlglad word en **die hele volk** op die skip hardop sê: **"Wie is Hy, dat wind en die see hom gehoorsaam?"**

[3] Maar **Agab** het nie ingestem met die vraag nie en sê aan die leerlinge en verskeie ander: "Vriende, die vraag en die verwondering was weereens dom en uit sy plek uit! Julle is tog al so lank in Sy omgewing en tog verwonder julle julle nog net so asof dit die eerste teken is wat julle sien gebeur het! Ek is nog geen hele dag by julle nie en vir my is dit alles so begryplik soos wat iets maar vir `n mens begryplik kan wees! As Hy naamlik die groot, beloofde Messias is, **wat volgens Dawid niks meer en niks minder is as JaHWeH Self nie**, werksaam deur vlees en bloed, dan sal dit vir Hom tog baie eenvoudig wees om aan `n storm op see `n einde te maak, aangesien dit vir Hom sekerlik nie moeilik was die hele wêreld te skep nie! As dit egter onweerlegbaar so is en julle Hom ken, hoe kan julle dan so `n vraag en so `n verwondering in julle harte hê?"

[4] **Judas** sê, ietwat vererg deur die aanmerking van Agab: "Vriend, dat ons dit en nog veel meer van Hom gesien het, is dit dan `n rede vir ons om ons oor niks meer te verwonder wat die Meester in ons teenwoordigheid doen nie?"

[5] **Agab** sê: "In geen geval nie, broer! Maar ek bedoel dit slegs so: dit moet ons in al die nederigheid van ons hart wel verwonder dat Hy so iets in ons teenwoordigheid doen en ons, hoewel ons egter nie sulke waardevolle skepsels is nie, so waardig geag is vir Sy Liefde, Wysheid en Mag dat Hy sulke dade ten aanskoue van ons verrig het! Ek vind myself tenminste as die minste nog nie waardig genoeg nie! Maar as ons weet wie Hy is, dat Hy die hemele en aarde geskape het, en as ons, indien Hy iets buitengewoons doen, ons daaroor net so verbaas asof dit deur `n mens gedoen was, dan beskou ons Hom ten slotte as Meester vir niks meer as slegs `n ietwat buitengewone mens nie. En dan dink ek dat die manier waarop julle julle verbasing getoon het na die skielike verdwyning van die storm nie in plek is nie!

[6] Sou dit nie belaglik wees om jou ook te gaan verwonder oor die son, oor die maan, oor al die sterre, oor die aarde en oor al die wonderbaarlik toegeruste en gevormde skepsels, wat tog ewe goed Sy werke is soos wat die kalmering van die hewige storm op see Sy werk is? Ek meen dat as ons ons dan tog wil verbaas, ons dit slegs maar moet doen omdat die Almagtige, onuitspreeklike Elohim JaHWeH vanaf Sy ewige, onmeetbare hoogte so oneindig diep neergedaal het na ons sterflike, uitermate swak mense. Daarom sou dit haas ongelooflik wees as dit wat nou hier is en volkome waar gebeur, nie al vanaf Adam, Henog en deur al die profete tot op die arme ZekarJaH en tot sy seun Johannes toe, voorspel was nie.

[7] Ek vind die grootste wonder dat dit wat deur honderde profete eenstemmig geprofeteer is, nou hier is! Wat nou plaasvind, is niks anders as `n natuurlike gevolg van die eerste wonderbaarlike verskyning op die aarde, **naamlik: die voorspelde verskyning van JaHWeH in vlees en bloed!"**

[8] Dan vra selfs **die twaalf apostels** aan My: "Meester, waar haal hy dié woorde en dié suiwer wysheid vandaan?"

[9] **Ek** sê: "Sy vlees en bloed gee hom dit nie in nie, maar die gees wat al sover in hom gewek is, dat hy nie meer ver is van die algehele wedergeboorte van die gees nie! Maar dit is werklik geen besondere eer vir julle dat hy julle leraar is, in plaas daarvan dat julle dit vir hom is; hy is egter baie op julle voor, **omdat hy die Skrif baie goed ken en Ek het hom lief soos Ek julle liefhet; want daar is baie nederigheid in sy hart!"**